e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

25 September 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Ons soek jou bloed!

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) wil 'n wêreldleier wees in die veld van bloedoortapping. Vir Suid-Afrikaners wat iets vir hul gemeenskap en medeburgers wil doen, bied die SANBS die geleentheid om lewens te red.

Die SANBS is 'n vereniging van vrywillige, onvergoede bloedskenkers. Hul missie is om alle pasiënte van genoeg, veilige, kwaliteit bloedprodukte te voorsien, asook mediese dienste verwant aan bloedoortapping, op 'n regverdige en koste-effektiewe manier. Die hoofdoel van die SANBS is om veilige bloed van skenkers in te samel, dit te prosesseer en te toets vir oortapping.

September en Oktober is 'n moeilike tyd vir die SANBS, weens die rekordeksamens en kort skoolvakansie. Daar is dikwels nie genoeg bloedskenkklinieke by maatskappye om vir die afwesigheid van bloedskenkklinieke by skole en tersiêre instellings te vergoed nie. Die SANBS word daarom genoodsaak om nuwe bloedskenkklinieke te vind en die insamelings by huidige bloedskenkklinieke te vermeerder.

Die organisasie doen 'n beroep op besluitnemers by besighede en gemeenskapsentrums wat mense kan beïnvloed om bloed te skenk. Bloedskenking is nie 'n groot prioriteit in mense se lewens nie en hulle vind dit dikwels moeilik om tyd daarvoor af te staan. Die SANBS wil bloedskenking so gerieflik moontlik maak deur bloedskenkklinieke by werkplekke of op ander geskikte plekke te hou. Maatskappye en areas met 'n minimum van 200 mense en wat 'n opkoms van 20 bloedskenkers kan verseker, word verkies.

As jou organisasie, gemeenskapsorganisasie of skool daarin belangstel om 'n bloedskenkkliniek aan te bied, skakel 0800 11 90 31 of besoek **www.sanbs.org.za** om die aansoekvorm in te vul. Moenie dat die lewe in die plek van LEWE staan nie. Jou bloed red lewens.

Belinda Botha, Skakelbeampte: SANBS Noordelike Streek

Hervormers bloei fluks!

Ons het gevra dat lidmate laat weet hoeveel eenhede bloed hulle al geskenk het sodat ons kan probeer vasstel wie die topskenkers in die Kerk is. Ons het goeie reaksie gehad (20 lidmate) en hierdie lidmate het saam al 'n allemintige 2 744 eenhede bloed geskenk! Dink net: 20 mense het 'n wesenlike verskil gemaak in die lewens en gesondheid van 'n hele 2 744 mense, mense wat hulle van g'n kant af ken nie. As dit nie 'n grootse daad van naasteliefde is nie, weet ek nie mooi wat is wel nie!

Dan du Toit van Gemeente Verwoerdburg is die manlike skenker wat die meeste eenhede geskenk het: 'n volle 300! Marthie Vordran met 203 eenhede is die fluksste vroulike skenker. Ds Jan Grober (emeritus) is met 202 eenhede die predikant wat al die meeste gebloei het vir sy naaste. Ds Thomas Joubert (Swellendam) met 127 en ek self met 104 eenhede is die ander topskenkers onder die predikante. Ek noem dit net omdat ek en Thomas klasmaats is en dit die heel eerste keer is dat ek 'n derde plek in enigiets behaal! En ek het ook 'n medalje by die SANBS gekry vir my 100ste skenking. Ek is baie trots op my versameling van medaljes – 'n versameling van een...

Die top skenkers in elke kategorie kry eersdaags 'n klein geskenkie van die SANBS. **(Ds Etienne Fourie)**

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Retha Lombard saam met haar ouers, ds Naas en Annette Lombard

- Die **finalejaar teologiestudente** is tans besig met hul proefpreke in verskeie gemeentes. Dit is 'n praktiese eksamen waar die student se preek geëvalueer word deur die Proponentseksamenkommissie. Weens die grootte van die finalejaargroep is verskeie predikante deur dié Kommissie aangestel om die evaluering te hanteer. Dit is 'n groot geleentheid vir die studente, hul ouers en die gemeente omdat elkeen se toga tydens die geleentheid aan die student oorhandig word. 11 van die 14 studente het reeds hul proefpreke agter die rug. Op Sondag 28 September sal die laaste drie proefpreke plaasvind by gemeentes Oos Moot, Pretoria-Oos en in Nelspruit. **Op die foto** is Retha Lombard saam met haar ouers, ds Naas en Annette, na afloop van haar proefpreek op Sondag 21 September by Gemeente Suidoos-Witbank.

- **Bestellings vir die kerklike publikasies** moet verkieslik **voor einde September maar nie later nie as 15 Oktober 2014** deur SENTIK ontvang word. Kontak mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054. Die **pryse** van die publikasies in 2015 is soos volg:
  - ***Konteks*:** R185 vir 10 uitgawes (R25 + posgeld per individuele uitgawe as u nie inteken nie)
  - ***Almanak/Bybelse Dagboek***: R140 (+ R35 posgeld as u die publikasie nie by u gemeente ontvang nie)
  - ***Die Hervormer***: Individuele intekenaars R110 vir 11 uitgawes (R15 per individuele uitgawe as u nie inteken nie)

  Deur kerkrade se tradisionele intekening op 'n aantal gedrukte eksemplare van *Die Hervormer* te omskep in 'n jaarlikse bydrae tot kerklike kommunikasie, sal dit moontlik wees om van Januarie 2015 af *Die Hervormer* in gedrukte formaat én elektronies uit te gee. In die meeste gevalle sal dit vir die gemeente 'n besparing meebring, terwyl dit meer lidmate die geleentheid sal gee om *Die Hervormer* te lees waar en wanneer dit hulle pas. Dit hou ook die voordeel in dat lidmate wat *Die Hervormer* elektronies lees, nou onder elke berig kommentaar kan lewer.

- Die **promosieskyfies** oor ons publikasies word **saam met hierdie uitgawe** van die *e-Hervormer* aan gemeentes gestuur. Ons versoek vriendelik dat u die skyfies voor eredienste saam met die gemeentelike advertensies vertoon. Dankie weer eens aan die gemeentes en predikante wat dit gereeld doen.

- **PREEKBEURTE IN DULLSTROOM.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com**.

Allegaartjie

Ek weet nie hoe ek vir die wêreld lyk nie, maar vir myself was ek net 'n seuntjie wat op die strand speel en wat so nou en dan 'n mooier klippie of skulpie as gewoonlik vind, terwyl die ganse oseaan van waarheid voor my uitgestrek lê. (Isaac Newton)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (Oos-Moot)
  - Sondag 28 September: Prof IWC (Natie) van Wyk (AIM)
  - Maandag 29 September: Ds BM (Buddie) Dupper (Amsterdam/Piet Retief/Pongola)
  - Dinsdag 30 September: Di M (Madri) Fourie (Port Elizabeth) en JAAA (Jan) Schroeder (emeritus)
  - Donderdag 2 Oktober: Prop JH (Hendrik) Breytenbach (studerend) en ds CJ (Charel) van der Berg (Ladysmith)

'n Gedig oor die liefde

Die aandag van jou oë

Ek kyk nooit na jou oë nie. Ek weet:
die aandag van jou oë, op 'n ander horison gerig,
het my vergeet.

Ek kyk nou na die grond. Kyk stip –
want 'n bekendheid daag my
uit die naaste gras en klip.

Die aandag van jou oë, toe dit my verlaat,
het my die groen en bruin gevlekte skoonheid
van die aarde nagelaat.

Petra Müller (geb 1935)
(Uit: *Die aandag van jou oë – gedigte vir die liefde* 2002
– in 2005 bekroon met die Hertzogprys vir poësie)

Beplande vergaderings

- Donderdag 25 September: Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- Vrydag 26 September: Ons Tuis Ledevergadering
- Woensdag 1 Oktober: Kinderhuise Dagbestuur
- Donderdag 2 Oktober: ADV Finkom
- Vrydag 3 Oktober: Kernkomitee Finansies en Administrasie

Kursusse en toerusting

- **NHKA Predikante Aftreefonds: Aftreeseminaar**
  Vrydag 26 September 10:00 tot 12:00
  Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
  Vir lede wat tussen 3 jaar en 10 jaar vanaf aftrede is
  Lede van die NHKA Personeelpensioenfonds ook welkom
  Stuur e-pos aan Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za** as u gaan bywoon

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
  Vrydag 26 tot Sondag 28 September
  Kwaggasrus-kampterrein
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  (chalets beskikbaar teen hoër tariewe)

Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel dr Thinus van Staden (084 589 7035) of ds Marthinus van Staden (+267 7130 7197)
Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer (074 658 4630) of Marius Bacon (083 297 6135)

- **Jaarvergadering van NIMSA (Network for Interim Ministry in Southern Africa)**
  Alle persone van enige denominasie wat as leraar of brugleraar by gemeentebediening betrokke is, word uitgenooi
  Datum: 2 Oktober
  Plek: NG Kerk Greymont, Johannesburg
  (Die terrein is naby die N1 en naby Rosebank-stasie van die Gautrein)
  Tyd: Registrasie begin 09:30; vergadering van 10:00 tot 19:00
  Koste: R100 per persoon (sluit alle koste en etes is)
  Tema: Gemeentebediening vindingryk bekyk
  Spreker: Ds Hannes Janse van Rensburg van NHKA Zuurfontein
  Meer inligting oor NIMSA by **www.nimsa.co.za**
  Laat weet asseblief vooraf as u gaan bywoon
  Navrae aan dr Martin Lazenby by **doklazenby@gmail.com** / 079 493 4957 of ds Hannes Janse van Rensburg by **hannes@nhzuurfontein.org** / 082 927 3700

Skryfwenke

Voornemende skrywers moet uit die staanspoor een ding besef: styl is nie versiersuiker wat die skrywer op die oppervlak van sy reeds gebakte koek kan aansmeer of afskraap, afhangend of hy in die bui voel vir iets swierigs of nie. Elke skrywer se styl is diep in die koek vermeng soos bakpoeier – onlosmaaklik deel van sy werk.

Hierdie woorde kom uit die bundel *Om te skryf* (2013), saamgestel deur ’n groep joernaliste en skrywers op die grondslag van die klassieke *Writing Prose: Techniques and Purposes* van Thomas S Kane en Leonard J Peters.

Die samestellers benadruk dat styl nie beperk is tot wat ons “letterkunde” noem nie. Dit is net so teenwoordig in jou jongste e-pos aan die stadsraad as in Sangiro se jagstories. Hoewel alle uitlatings dus ’n spesifieke styl dra, sal sommige style wel beter werk vir ’n bepaalde doel as ander. En ’n skrywer het nie volkome vryheid nie – hy word vanselfsprekend beïnvloed deur sy onderwerp, sy doelwit en sy leser.

As jy byvoorbeeld skryf oor nuwe antiretrovirale medisyne, gebruik jy nie woorde wat persoonlike gevoelens weergee nie. Woorde soos *sjarmant*, *walglik* en *ek dink* is dan onvanpas. Terselfdertyd is daar basiese taalreëls wat noodsaaklik is vir goeie kommunikasie. Woordorde (en punktuasie) kan nie na willekeur verander word nie. Tog maak die skrywer deurlopend keuses wat nie net sy boodskap, idees en beskrywings van ander oordra nie, maar dikwels ook sy unieke denkwyse, geaardheid, smaak en reuk. Hy dra ’n beeld van homself oor. En die skrywers van *Om te skryf* stel dit mooi: *Wat laerskoolonderwyseresse vir kleintjies leer, is ook waar vir skrywers: as jy met die voorvinger na ’n ander wys, wys drie vingers terug na jouself.*

Dus, wat presies skep styl? Moeilik om te beantwoord, maar dit behels onder meer woordkeuse (’n buitengewoon ryk woordeskat, beeldspraak, klanknabootsing, neologismes), sinsbou (afwisseling, verrassing, herhaling, ondergeskikte sinne), leestekens, paragraafontwikkeling, ritme, retoriese instrumente wat klem en emosie voortbring, en vele meer. Maar onthou: Styl is nie versiersuiker nie. Die leser leer jou ken as skrywer – waarmee jy behep is, jou morele standpunte, jou verhouding met die onderwerp, en jou verhouding met die leser.

Beskikbare behuising

- **Behuising vir bejaardes: Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville**
  Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog self versorgend is
  Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe
  Gereelde sosiale programme
  Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Tuki e'State

Studente-akkommodasie
Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Konserte en feeste

- **Gemeente Vaalpark: Wen kaartjies vir *Afrikaans is groot!***
  2 kaartjies vir **Saterdag 22 November** om 19:30
  Vertoning by Moreletapark
  R100 per inskrywing, **trekking Sondag 28 September**
  Vir deelname/navrae kontak Amori by 079 661 0611
  of Danie by 082 816 8453

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**
  Reël 'n geestelik opbouende aand
  Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis
  Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)
  Kosverkope is deel van gemeente se wins
  Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624
  E-pos: **dankieHeer@gmail.com**
  www.facebook.com/dankieHeer

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
  by 011 826 4625

- **Saterdag 18 Oktober om 19:00: Gemeente Zuurfontein: Grootseun 2**
  Gebaseer op Grootseun-briewe van Barend Vos in *LIG*
  Om fondse in te samel vir aanbou van kinderkerklokaal
  Plek: NG Kerk Kempton Kruin, Fiskaalstraat, Glen Marais
  Kaartjies: R80 elk (vertoning is uur lank sonder pouse)
  Kontak Annelize Viljoen by 072 052 9193 vir kaartjies

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 26 September: Gemeente Witfield: Gholfdag**
  ERPM Gholfklub, Boksburg
  Ondersteuners en borge uitgenooi
  Eerste 10 spelers kry pryse
  Daar is ook ’n prys vir die langste dryfhou op die 17de putjie
  en vir die naaste dryfhou op die 13de putjie
  Die kompetisie is ’n 2-bal beter bal
  R250 per speler en putjies kan geborg word teen R1 000
  Kontak Fred Fourie by 082 454 8294 of Fred de Langen by 082 463 8823

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
  - Wen ’n skootrekenaar: Samsung Notebook NP270E5E
    R10 per kaartjie
    Kontak Tobie by 083 327 1500 / **nhksasolsuid@gmail.com**
  - Wen ’n versamelaarsmes
    R50 per kaartjie
    Navrae aan **nhksasolsuid@gmail.com**
  - Koop ’n motorfiets: Kawasaki ZZR 1100
    Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
    R22 000 onderhandelbaar
    Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- **Vrydagaand 26 en Saterdag 27 September: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Lentefees met braairestaurant, verskeidenheid stalletjies
  met heerlike eet- en drinkgoed
  Vermaak vir die kinders
  Navrae by 013 932 2929 / **nhbhs@telkomsa.net**

- **Saterdag 27 September: Gemeente Klerksdorp-Suid: Basaar**
  By Goudkoppie op N12, Klerksdorp
  Navrae aan ds Denise Schmidt by **denise7zcj@gmail.com**

- **Saterdag 4 Oktober: Gemeente Strand: Saamstaanfees**
  Heerlike eetgoed, speletjies en baie meer
  Koop ’n kaartjie teen R50 en wen
  Koopbewys van R3 000 van ’n juwelierswinkel in Somerset-Wes
  of ’n wegbreeknaweek of -midweek
  of 6 goeie bottels Kaapse wyn en nog 2 bottels en nog 1 bottel
  Boekie het 10 kaartjies – ons pos dit dadelik vir u
  en hou die teenblaadjie gereed vir die trekking op 4 Oktober
  Kontak Douw Steyn by 071 382 1900
  of Susan Swanepoel by 083 446 0020

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Kontreifees met kunstenaars Willem Botha en Monique
  Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers – kontak ons gerus)
  Kosstalletjies en vermaak vir kinders
  Toegang: R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis
  Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / **anneline@kpo.co.za**

- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
  By Makro in Wonderboom
  Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
  073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

- **Donderdag 24 – Sondag 27 September 2015**
  Gemeente Utrecht in KwaZulu-Natal
  Pure Plaas Boerefees en Potjiekompetisie
  Die gemeente het gekrimp tot net 35 lidmate!
  Ons nooi ons mense wat self produkte maak of produseer
  Bespreek ’n stalletjie by ons teen slegs R200 per stalletjie
  en R50 ekstra vir krag
  Navrae aan Sanet Bezuidenhout (koördineerder) by 034 331 4362
  Inligting beskikbaar op Facebook
  (Hervormde Kerk Utrecht Potjiekos Kompetisie en Pure Plaas Boerefees)

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** hou op **11 Oktober 2014** ’n **gholfdag te Tweefontein Gholfklub (Witbank)** wat as ’n bemarkings- en fondsinsamelingsgeleentheid sal dien. Ons neem vrymoedigheid om u uit te nooi om die dag saam met ons deur te bring, om as ’n borg op te tree of om pryse te skenk. Borgskappe beloop R2 000 per putjie (putjieborge mag ‘n gratis vierbal inskryf). Vierballe beloop R800 of R200 per speler, wat speelfooi en halfweghuis insluit. Enige verdere inligting kan bekom word van Christel le Roux by **christel@eventsandall.co.za** of per faks aan 086 655 4048, of skakel 083 302 2217 gedurende kantoorure tussen 09:00 en 16:00.

- **Maandag 13 Oktober 08:30 tot 16:00**
  Seminaar: Teks, kateder, kansel
  Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus
  R350 per persoon voor 1 Oktober
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661
  of Elmien Scott by 018 299 1607

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Wes-Kaap**
  Prestige dinee vir Bybelverspreiding
  Spreker: Sakeleier Brand Pretorius oor *dienende leierskap*
  Datum: 24 Oktober 19:00 vir 19:30
  Plek: NH The Lord Charles Hotel, Somerset-Wes

Drag: Formeel / tradisioneel
R490 per persoon / R4 800 vir tafels van tien
Individuele besprekings welkom
Kontak Heila van Wyk by 082 670 2968
of stuur ’n e-pos na **heilavw.liaison@gmail.com**

- **Motorfietsentoesiaste** kan hulle regmaak vir ’n hele paar ***Bible Runs*** wat oor die komende maande regoor die land gehou sal word. Die **Mpumalanga *Bible Run*** vind op **5 Oktober** plaas en begin om 09:30 by die NG Kerk in Graskop. Motorfietrsryers wat graag wil saamry, kan Francois Sieberhagen skakel by 083 389 0708 of **sieberhagen@biblesociety.co.za**.

- Die **Bloemfontein *Bible Run*** word op **26 Oktober** gehou. Ryers sal om 08:30 by die Bikers Church in Bloemfontein bymekaarkom vir ’n spesiale diens, waarna hulle die pad vat na Maselspoort. Diegene wat saamry, het ’n keuse van teer- of grondpad. Vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.

KOMMENTAAR

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

“Dankie vir ’n uitstekende voorbladartikel in verlede week se *e-Hervormer*. Dit is die beste voorbladartikel wat ek ooit in ’n kerklike publikasie gelees het. Die outeur is ’n fyn en fynbesnaarde wese: Sy vergestalt nog wat ek altyd so as kosbaar met die Hervormde Kerk geassosieer het en wat ongelukkig toenemend wegkantel in die Hervormde Kerk; grasie, intelligensie en oudwêreldse styl. Indien moontlik, dra my waardering asseblief aan haar self oor.”

Dr Johann Beukes, Weltevreden

AGTERBLAD

Gebed vir die week



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx